Ps. 147: 1, 2
" 84: 3, 4
Ges 57: 2.

# Vergewing & Genesing

Ps. 103, Jak 5: 7-20

Patch 25 Aug 1957.
Glenmore 21 Julie 1957
AlKp 17 Julie 1960

Ps. 103: 3 - Wat al jou ongeregtighede vergewe, wat al jou krankhede genees

Daar is byna nie 'n huis of 'n familie wat d. afgelope tyd nie deur d. Oosterse griep geraak is nie. ~~Die siekte~~ So 'n epidemie het 'n florerende 'n uitermate uitwerking gehad: talle apteker het hulle inkomste verhandel kan dupliseer, baie geneeshere het hulle inkomste dubbel & baie gesondes het siek geword. Maar dis nie al nie: die Kerant & ander bedinge ... die Ir. is - Waarom het u so deur d. Koerant ... laat bra: ... Het dit u ook ... ngte van d. siekte gedink? // Is al d. siektes waaraan d. mensl. liggaam w/d onderhewig is dan onvermydelik? Kan d. wetenskap m. al sy wondermiddels van pille & kapsules en inspuitings dan nie dit bemerk dat siekte oorwin kan word nie?

En wat dan van ons geloof i/d gebed om te genees? As ons so rondom ons kyk van Xtus d. groot Geneesheer? As ons so rondom ons kyk (afgesien v.d. griep) & al d. lydendes aanskou; d. nimmereindigende stroom na hospitale & dokters se spreekkamers hoe kan ons dan anders as om uit te roep: Is dit alles Gods wil? Moet ons as Xtene in al dié lyding berus? Het ons nie 'n alte berustende Xdom geword wat sy redding & genesing eintlik net ~~van~~ v.d. dokter, v.d. medisyne verwag - wat meer op d. mens & sy middele vertrou as op God en sy mag? Is baie van ons Xtene se siening van siekte nie 'n sondige berusting in siekte wat God nooit gewil het nie? Wat dan v. ons teksvers? Wat van Mark. 16: 17-18? Wat van Jak. 5: 15-16 (lees dit)?

Daar is nie tyd om v/m op al hd. vrae in te gaan nie, maar ons wil veral d. woorde & Ps. 103: 3 as ligstraal op 'n paar laat val, - laat val op 'n siekte of siekbed van 'n dierbare. Hd. wil ~~hy~~ laat d. lig v Gods Wd. op 4 gesigspunte val t.o.v.m. gesondheid, gebed, genesing

I Die Verwantskap tussen Genesing & d. Mens se Siel & liggaam
II " " " Genesing & Vergewing & Skuld
III " " " Genesing & Verkiesing & Gebed
IV " " " Genesing & Blywende Gesondheid

I Verwantskap tussen Genesing & Siel & liggaam: Ons teks gebruik 2 woorde wat na 'n siektetoestand wys: ongeregtighd & krankhd. Ong. = siekte v.d. siel; kr = v.d. liggaam. Daar is ook nog ander tekste & mededelinge ifd Bybel wat d. innige verbintenis tussen siel & liggaam beklemtoon, d. nuwe wetenskap [illegible] erkenning, d. feit d. mens 'n eenheid is van siel & liggaam. Hd. groot waarheid is d. afgelope 20-25 jr deur beide Kerk & geneeskunde vergeet of verwaarloos: // die dokter het hom hoofs. toegespits op d. mens se liggaam (geword 'n tegnikus, 'n ingenieur v.d. liggm) & d. Kerk wat hom hoofs. m.d. mens se siel besig gehou het. Gevolg? Afgelope 10-15 jr d. bybl. ontdekking: pille & operasies & behandelinge nie op hulleself genoeg om blywe gesondhd te verkry: → meer siekte, vollen hospitale. 60-70% van alle siekte spruit voort uit d. mens se gees & vorm d. grondoorsaak v. sy krankheid! // Meer & meer kom d. med. wetensk. meer sê dat in baie gevalle v. hartaanvalle, maagsere, asmatiese aandoeninge, velsiektes, rumatiek, gewrigte?, vallende siekte ens. die gevolg is van haat, vrees, spanning, kommer, selfsug, jaloesie, kritiek ens. // Nuwe rigting ifd geneeskunde (psychosomatiese) soek dan ook om hd. verlore skakel te herwin tussen 'n gesonde gees en 'n gesonde liggaam!

As ons nou kyk na Gods Wd dan sien ons hoe duid. hd. waarhd tot ons spreek: mens is 'n eenheid v. siel & liggaam. Dlem so baie v.d. moderne genesingsmetodes wat net konsentreer op d. ligg. so nutteloos omdat dit d. bron v.d. bederf nooit aantas: 'n siek siel > siek liggaam! Tjalauk(?) hoop-op an end!! Onsself ernstig afvra: Is baie van ons nie besig om te aanbid voor d. afgode van X-straal masjiene, van deur spesialiteite, van groot medise woorde — omdat ons ons liggame aanbid asof dit al is wat d. mens uitmaak? Verlang & gesondheid wat ons self ons moet regmaak?

II Verwantskap tussen Genesing & Vergewing & Skuld:

Maar hd. Wd & Ps. 103:3 gryp nog dieper - dit dui 'n volgorde v. belangrikhd aan tussen sonde en siekte: eers spreek God van jou ongeregtighd vergewe & dan van jou krankhd genees. Waar daar dus 'n versteurde verhouding was tot God of mens moet alle skuld eers bely word & alle kwaad uitgeroei word voordat genesing kan intree. Sonder vergewing durf ons nie hoop op genesing!

Dlem dit so nodig dat in alle gevalle v. siekte of lyding of ligg. swakhd d. mens sy lewe baie eerlik sal ondersoek & vra: is alles reg tussen God en my? Tussen my en/mens & my? Hoe baie mense al ontdek: knellende siekte + sodra sonde bely & gesuiwer het genesing gekom! (Hb. man & vrou - P. Tournier)

Maar d. mens kom nooit maklik tot belydenis van sy skuld nie: veral ons tyd met sy toenemende gehaas & gejaag, sy jag na geld & mater. rykdom slaag baie goed daarin om d. mens so a.d. hardloop te hou dat hy nooit tot stilstand kom nie. 'n Atoom moet God soms ook 'n siekbed stuur om ons toe te roep: Halt! Eers wanneer stilte, besinning deur afsondering kom, kan ons ontdek of ons siekte & swakhd nie miskien saamhang met iets wat bely moet word!

→ Nagedink? In u lewe vrees, angs, wantroue, jaloesie, haat, selfsug? Verstop d. kanale v. Gods genesing wat v.d. bron wil vloei! Maak skoon! „Bely mekaar julle misdade en bid vir mekaar, sodat julle gesond kan word" (Sendeling: Ons siekte het ons liggm nog nie [illegible])

III Verwantskap tussen Genesing & Verlossing & Gebed:

Hd. onderwerp is op sigself so ryk & so belangrik dat ons net aanraak & dan kan gee: verhouding van genesing - gebed - geloof! Maar dis genoeg as ek u net daarop wys dat d. Bybel ons 'n heilige opdrag gee om in geval v. siekte te bid vir verlossing & genesing. Dlem sê d. H. Jesus: „Bid en julle sal ontvang" (   ); „En wat julle ook al in my Naam mag vra, dit sal Ek doen, sodat die Vader in die Seun verheerlik kan word" (Joh. 14:13)

Maar veral Jak. 5 se lering: „Bid vir mekaar, sodat julle gesond kan word." Staan hier dan nie in ons teks: „Wat al jou krankhede genees?" En is dit nie waar dat die Here Jesus op d. gelowige gebed

d. een genesing na d. ander geskenk het nie? Is die tyd van wondergenesinge dan verby? Kan en wil God dan nie op d. gelowige gebed ingryp en kragdadig & onmidd. genees nie?

Laat ons dadelik erken dat d. Kerk van ons dag in meer as een opsig d. groot en heerlike waarheid v. gebedsgenesing oorgegee het a.d. sektes & buitekerkl. genootskappe – miskien omdat hulle dit soms so erg misbruik? Maar is dit rede vir ons om dit nie reg te gebruik nie? // En het ons al ooit daaraan gedink dat in alle tye v. groot geest. insinking God juis besondere tekens toelaat om d. mens weer tot God te bring! Is dit nie moontlik dat God juis vandag siekte tekens gee omdat d. wêreld so op haar eie krag vertrou

– Roeping van Kerk in so 'n tyd: nie om koud en krities & afkeurend te staan nie. om in diepe bewoëndheid d. nood v. 'n lyd. mensdom sy eie te maak & tina: „Luister na ons geroep, o hoorder v.d. gebed!" [Straf God ons as Kkd & as mens. Wd nie miskien nie meer siekte epidemies omdat ons meer geloof heg aan mense & hulle middels as aan God & ~~sy mag~~ v.d. gebed?]

IV. Verwantskap tussen Genesing & Blyw. Gesondheid:

Laaste woorde uit teks: "al". Is dit altyd waar? Kan ek aanneem: waar ek bid hoor God altyd?

① Nie vir alle siekte of alle siekes waar (Paulus) – God verhoor, mr. op sy tyd & wyse. God vergewe al ons ongeregtighede – mr. ons hele lewe bly ons dit steeds; God genees al ons krankhede – mr. ons hele lewe bly ons d.s. ly. Eers wanneer d. groot dag v. Kt se wederkoms kom sal sy kinders blywend verlos wees van smart & droefh. & siekte & dood. Dan sal God alle trane v.d. oë afvee, dan sal daar geen dood & droefh. & gekerm & moeite meer wees nie. Dan sal ons kan uitjubel wat ons nou i.d. geloof bely: „Loof d. Here, o my siel, – wat al jou ongeregtighede vergewe, wat al jou krankhede genees, wat jou lewe verlos v.d. verderf... Loof d. Here, o my siel!"